



NOTULE VAN 'N VERGADERING VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE GEHOU IN DIE BANKETSAAL, MALMESBURY OP WOENSDAG, 17 JULIE 2019 OM 11:00

TEENWOORDIG:

Uitvoerende Burgemeester, rdh T van Essen (voorsitter)
Uitvoerende Onderburgemeester, rdd M S I Goliath

Lede van die Burgemeesterskomitee:

Rdl P E Solomons
Rdl O M Semele
Rdh R F van der Westhuizen
Rdd M van Zyl

Ander raadslede:

Die Speaker, rdl M A Rangasamy

Beampes:

Munisipale Bestuurder, mnr J J Scholtz
Direkteur: Finansiële Dienste, mnr M A C Bolton
Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste, mnr R du Toit
Direkteur: Ontwikkelingsdienste, me J S Krieger
Direkteur: Beskermingsdienste, mnr P A C Humphreys
Direkteur: Korporatiewe Dienste, me M S Terblanche
Bestuurder: Sekretariaat en Rekorddienste, me N Brand

1. OPENING

Die Uitvoerende Burgemeester verwelkom lede en versoek rdl O M Semele om die vergadering met gebed te open.

2. VERLOF TOT AFWESIGHEID

Verlof tot afwesigheid word verleen aan die Direkteur: Ingenieursdienste, mnr L D Zikmann.

3. VOORLEGGINGS/AFVAARDIGINGS/SPREEKBEURTE

Geen

4. NOTULES

4.1 NOTULE VAN 'N GEWONE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE-VERGADERING GEHOU OP 19 JUNIE 2019

BESLUIT

Dat die notule van 'n Gewone Uitvoerende Burgemeesterskomiteevergadering gehou op 19 Junie 2019 goedgekeur en deur die Burgemeester onderteken word, onderhewig aan die regstelling van die titel van die Direkteur: Ontwikkelingsdienste, me J S Krieger, en die volgende regstelling onder item 3, naamlik:

Die Munisipale Bestuurder gee agtergrond ... werknemers van ASLA beserings opgedoen het (i.p.v. hul lewens verloor het).

5. SAKE VOORTSPRUITEND UIT DIE NOTULES

Geen

6. NUWE SAKE

6.1 NERSA GOEDKEURING VAN ELEKTRISITEITSTARIEWE VIR 2019/2020 (16/2/1/2/1)

Die voorgestelde elektrisiteitstariewe is op 28 Mei 2019 aan NERSA voorgelê vir goedkeuring. Gebaseer op die verhoging van 15.63% deur Eskom aan munisipaliteite het NERSA 'n riglyn verhoging van 13.07% bepaal en ook ander riglyne ten opsigte van spesifieke tariewe en kategorieë.

Die Munisipale Bestuurder wys daarop dat NERSA eers gedurende Maart 2019 met die konsultasieproses 'n aanvang geneem het en dat dit problematies is vir plaaslike owerhede wat dan reeds ver gevoerder is met die begrotingsproses vir die nuwe finansiële jaar.

BESLUIT (vir aanbeveling aan die Raad op 25 Julie 2019)

- (a) Dat kennis geneem word van die goedkeuring van die elektrisiteitstariewe deur NERSA;
- (b) Dat die volgende verlaagde tariewe soos vasgestel deur NERSA vir 2019/2020 goedgekeur word vir implementering met ingang van 1 Julie 2019:

Tarief	NERSA Verhoging toegestaan	Tarief per kWh goedgekeur deur NERSA
4. Kommersieel alternatief <15A	12.96%	R2.3016
8. Kommersieel voorafbetaal	12.90%	R2.3016

6.2 SWARTLAND MUNISIPALITEIT: KONSEP VERORDENING INSAKE VERFILMING (1/1)

Die bestaande proses wat verfilming in die Swartland munisipale gebied magtig is omslagtig en tydrowend wat aanleiding daartoe mag gee dat geleenthede vir die Munisipaliteit verlore gaan of dat ongemagtigde verfilming plaasvind.

Daar is dus 'n konsep verordening opgestel om die beheer en regulering van verfilming in die munisipale gebied te reël met die doelstelling om –

- (1) Die belangrike rol wat verfilming binne die Wes-Kaapse ekonomie speel te ondersteun;
- (2) Die reg op privaatheid en die reg op 'n veilige omgewing vir inwoners te beskerm;
- (3) Die verwerking van aansoeke vir verfilming te fasiliteer binne 'n tydraamwerk wat beide administratief en ekonomies voordelig is en ingevolge die bepalings van die Grondwet en ander wetgewing.

BESLUIT (vir aanbeveling aan die Raad op 25 Julie 2019)

- (a) Dat goedkeuring verleen word dat die konsep Swartland Munisipaliteit: Verordening insake Verfilming op 25 Julie 2019 aan die Raad voorgelê word;
- (b) Na beginselgoedkeuring deur die Raad, die konsep verordening vir publieke kommentaar geadverteer word in terme van artikel 12(3)(b) van die Stelselwet, 2000 in die plaaslike media sowel as op die munisipale webtuiste.

6.3/...

6.3 JAARLIKSE VERSLAGDOENING AANGAANDE DIE IMPLEMENTERING VAN DIE VOORSIENINGKANAALBESTUURSBELEID (8/1/B/2)

Regulasie 6(2)(a)(i) van die *Municipal Supply Chain Management Regulations* bepaal dat daar jaarliks 'n verslag aan die Raad voorgelê moet word aangaande die implementering van die Voorsieningskanaalbestuursbeleid.

Die jaarverslag vir die periode 1 Julie 2018 tot 30 Junie 2019 is met die sakelys gesirkuleer.

BESLUIT (vir aanbeveling aan die Raad op 25 Julie 2019)

- (a) Dat kennis geneem word van die jaarverslag insake die implementering van die Voorsieningskanaalbestuursbeleid gedurende die 2018/2019 finansiële jaar ingevolge artikel 6(2)(a)(i) van die Regulasies, asook die verslae van die Formele Tenders (Aanhangsel A), Informele Tenders (Aanhangsel B) en die Afwykingsverslag (Aanhangsel C);
- (b) Dat verder kennis geneem word van die dienste gelewer vir die tydperk 1 April 2019 tot 30 Junie 2019 met verwysing na die uitsonderings waar dit onprakties was om die mark te toets en dus 'n afwyking van die verkrygingsprosesse ingevolge paragraaf 2(6) van die Voorsieningskanaalbestuursbeleid genoodsaak het (Aanhangsel D).

6.4 CHATSWORTH EN RIVERLANDS GEBIED: GOEDKEURING VIR DIE VOORSIENING VAN ELEKTRIESE AANSLUITINGS DEUR ESKOM VIR DIE BESTAANDE OKKUPEERDERS VAN ERF 7816 (15/3/1)

Erf 7816 is geleë in die Groter Chatsworth-gebied en word yl bewoon deur ongeveer 93 huishoudings wat reeds vir etlike jare poog om elektrisiteitsaansluitings te bekom.

Die owerheid verantwoordelik vir die voorsiening van elektrisiteit aan die gebied is Eskom en lg. het versoek dat toestemming vanaf die eienaar, die Wes-Kaapse Regering, sowel as die Munisipaliteit bekom word om die gebied van elektriese infrastruktuur te voorsien. Die toestemming behels dat die Munisipaliteit die bestaande uitleg van die erwe ondersteun en dat elektriese infrastruktuur dienooreenkomstig aangebring moet word.

Die Munisipale Bestuurder verduidelik dat gedeeltes van die grond ook vir grondhervorming deur die Wes-Kaapse Regering geormerk is. Die grondgebruikprosesse, wat insluit gedeeltelike dorpstigting, en die elektrifisering van die gebied sal dus gelyklopend plaasvind.

Die Munisipale Bestuurder noem dat die grond wat aan HDA behoort van voormelde proses uitgesluit is, aangesien HDA ook deur dieselfde proses met Eskom moet gaan.

BESLUIT

Dat die besetting en uitleg van informele huishoudings en kleinhoewes gevestig op erf 7816 Groter Chatsworth aanvaar en aangeneem word en dat toestemming aan Eskom verleen word om voort te gaan met die elektrifisering van die gebied en die voorsiening van elektriese aansluitings vir die huishoudings en kleinhoewes op die eiendom.

6.5 TENDER L08.18.19: VERVREEMDING VAN RESIDENSIËLE ERWE TE ABBOTSDALE (12/2/B)

Die Raad het gedurende Maart 2019 toestemming verleen vir die vervreemding van residensiële erwe te Abbotsdale by wyse van 'n openbare mededingende proses.

Daar is op tender uitgegaan en teen die sluitingsdatum van 7 Junie 2019 is die monetêre aanbiedinge soos vermeld in die verslag tot die sakelys ontvang.

6.5/...

Die Direkteur: Korporatiewe Dienste bevestig dat die tenderspesifikasies toegelaat het dat 'n tenderaar monetêre aanbiedings vir meer as een eiendom mag in dien, maar beperk word tot die aankoop van slegs een eiendom. Tenderaars is dus geraadpleeg, waar nodig, om hul eiendom van keuse aan te toon.

BESLUIT

- (a) Dat Tender L08.18.19 vir die Verkoop van Residensiële Eiendomme, soos volg toegeken word:

<i>Erf nr</i>	<i>795</i>	<i>796</i>	<i>800</i>	<i>803</i>	<i>805</i>
Reserwe Prys	R 55 500.00	R 55 500.00	R 56 000.00	R 56 000.00	R 55 500.00
N Mafenuka				R 133 000.00	
F Bocks			R 82 225.00		
R Williams					R 100 000.00
K Esau		R 85 000.00			
NF Meyer	R 110 000.00				

- (b) Dat goedkeuring verleen word vir die oordrag van die erwe soos per voormelde skedule;
- (c) Dat sou enige van die goedgekeurde transaksies nie realiseer nie, goedkeuring verleen word dat die volgende hoogste bod aanvaar mag word, totdat die transaksie suksesvol afgehandel kan word;
- (d) Dat goedkeuring verder verleen word dat indien bogemelde eiendomme onverkoop bly na afloop van die betrokke mededingende proses, dit uit-die-hand-uit op 'n 'first come first serve' basis verkoop mag word teen die reserwepryse soos voormeld, onderhewig daaraan dat die Munisipaliteit sy voorneme om die eiendomme vanaf 'n gegewe datum uit-die-hand-uit te verkoop, bekend sal maak, en met dien verstande dat die verkope van sodanige eiendomme beperk sal word tot hoogstens een erf per koper en dat die reservering van eiendomme vir 'n bepaalde koper beperk sal word tot 'n periode van hoogstens een kalendermaand.

6.6 HUUROOREENKOMS: SWARTBERG TRUST (15/4/6)

Daar is Inligtings- en Kommunikasietegnologie-infrastruutuur (IKT-infrastruutuur) deur die Munisipaliteit aangebring op 'n gedeelte (groot ± 300 m²) van die plaas, Swartberg 331, geleë in die omgewing van Moorreesburg. Met die gebrek aan 'n formele huurooreenkoms het die eienaar, Swartberg Trust, aangedui dat 'n huurooreenkoms in plek gestel moet word.

Die IKT-afdeling het aangedui dat die voortgesette bedryf van die betrokke infrastruutuur, op die spesifieke ligging, noodsaaklik is vir dienslewering aan die betrokke area.

BESLUIT

Dat die Raad die aangaan van 'n huurooreenkoms met Swartberg Trust vir die huur van 'n gedeelte van die plaas Swartberg 331 vir die voortgesette bedryf van sy IKT-infrastruutuur soos volg goedkeur:

- (a) 'n huurooreenkoms vir die tydperk 1 Julie 2019 tot 30 Junie 2020 teen betaling van huurgeld van R1 500.00, plus BTW, per maand en wat jaarliks met 6% eskaleer, asook 'n opsie om die huurooreenkoms daarna te mag hernu;
- (b) die toepaslike posnommer in die 2019/20 aansuiweringsbedryfsbegroting aangepas word om die addisionele huurgeld te akkommodeer.

6.7 VOORGENOME VERKOOP VAN SKILDERY (9/1/3/2)

Die Munisipaliteit beskik oor 'n oorspronklike Van Essche-skildery in olie, grootte 88 x 117 cm, wat blykbaar etlike jare terug aan die Munisipaliteit geskenk is. Die skildery het oor die jare heen in die Malmesbury Biblioteek gehang.

Nadat 'n lid van die publiek die Munisipaliteit bewus gemaak het van die potensiele waarde van die skildery, is die kunsagentskap, Strauss & Kie, versoek om 'n waardasie te doen. Die waarde van die skildery is op ±R350 000 beraam. Daar was geringe skade aan die skildery wat intussen gerestoureer is wat die waarde daarvan nou heel waarskynlik kan verhoog.

BESLUIT

- (a) Dat goedkeuring verleen word dat die Van Essche-skildery te koop aangebied word, met die voorbehoud dat die voorgename vervreemding van die bate vir publieke kommentaar geadverteer word;
- (b) Dat goedkeuring verleen word dat die bepaling van die reserweprys ingesluit word by die tenderspesifikasies vir die aanstelling van 'n afslaer;
- (c) Dat die moontlikheid oorweeg word op bestuursvlak om die opbrengs gedeeltelik aan te wend om 'n foto-replika van die skildery op seil ('canvas') te laat vaslê om in die Malmesbury Biblioteek te hang;
- (d) Dat 'n ondersoek gedoen om moontlik soortgelyke bates te identifiseer in die onderskeie munisipale kantore.

6.8 UITSTAANDE DEBITEURE: JUNIE 2019 (5/7/1/1)

'n Volledige verslag van die stand van uitstaande debiteure is met die sakelys gesirkuleer.

BESLUIT dat kennis geneem word van die verslag aangaande die stand van Swartland Munisipaliteit se uitstaande debiteure vir Mei 2019.

6.9 VORDERING MET UITSTAANDE VERSEKERINGSEISE: JUNIE 2019 (5/14/3/5)

Ingevolge die Batebestuursbeleid moet maandeliks verslag gedoen word insake die uitstaande versekeringseise.

BESLUIT dat kennis geneem word van die stand van uitstaande versekeringseise tot en met 31 Mei 2019 soos met die sakelys gesirkuleer.

6.10 STAND VAN AFSKRYF VAN VERLORE BATES SOOS OP 30 JUNIE 2019 TEN DOEL OM DIT VAN DIE BATEREGISTER TE VERWYDER (5/14/3/5)

Met die jaarlikse bateopname van roerende bates wat vanaf Februarie 2019 onderneem is, is 'n totaal van 8005 bates nagegaan. Daar kon egter 29 items (0.36% van totale bates) ingevolge die bateregister nie opgespoor word nie, waarvan die redes volledig toegelig word in die verslag tot die sakelys.

Die Direkteur: Finansiële Dienste noem dat voormelde persentasie gering is en as bewys dien dat effektiewe prosesse en kontroles in plek is om die Raad se bates te bestuur.

BESLUIT

Dat goedkeuring verleen vir die afskrywing van die bates op die aangehegte lys ten bedrae van R9 241.36 en dat die bates dienooreenskomstig vanaf die bateregister verwyder word vir doeleindes van volledigheid van die Munisipaliteit se rekords soos op 30 Junie 2019.